

Soos 'n lirie en soos die Libanon

Sonder die dou van die Here kan ons nie lewe nie! Die heerlike werking van God se dou moet in ons lewens sigbaar wees. Dit word met beeldspraak uit die natuur geïllustreer: ons moet bloei soos 'n lirie en ons moet vas staan soos die Libanon.

Ons moet bloei *soos 'n lirie*. 'n Lirie is 'n woestynplant wat gevoelig vir droogte is en maklik kan verwelk. Die dou is ook vir die plant 'n verkwikking. Om die dou op te vang, het die lirie 'n vlak wortelstelsel wat vir meters onder die grondoppervlakte strek. En dan kom daar in die dorre landskap die pragtigste blom. Jesus sê in Matteus 6:29: “Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie.” Met die beeldspraak word gewys hoe afhanklik ons van God se genade is. Ons kan maklik verwelk voor die warm woestynwinde van die lewe. Daarom moet ons ten volle gerig op God lewe, sodat ons God se dougenade kan opvang en kan indrink. Die Heilige Gees bring lewe en groei en dan word dit sigbaar in pragtige blomme! En dan nie om gesien en bewonder te word nie, nie aangeplak en onnatuurlik nie, maar ongekunsteld en mooi in ons optrede. Direk na die skoonheid en die broosheid van die veldlirie kom die “*vas staan soos die Libanon*”. Die Libanon kan na die berg Libanon met sy fondamente diep in die aarde geplant verwys of na die Libanon-woud met sy hoë sederbome met hulle penwortels wat diep in die aarde dring. Beide simboliseer vastigheid en sekerheid.

Innerlike krag en sekerheid is belangrike eienskappe van gelowiges. Ons sekerheid is veranker in die ware fondament Jesus Christus. En die krag om staande te bly word gewerk deur die dou wat van bo neerdaal – God se genade deur die werking van die Heilige Gees! En hoe word daar nie vandag aan die innerlike krag en geloofsekerheid van die gelowige getorring nie! Dit is die storms wat teen ons aanwaai. Maar dit kan maar kom. Ons is soos die Libanon wat vas staan.

Soos 'n lirie en die Libanon. Hoe vul die twee mekaar nie aan nie! Innemend en tog standvastig. 'n Mooi lewe as getuie in die wêreld. En met innerlike krag om nie by die wêreld aan te pas nie. Hoe kan dit? Alleen omdat die Here se genade vir ons soos dou is.

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 3

Ds AL Pelser (Bethlehem)